

Suid-Afrika se hoë korporatiewe inkomstebelastingkoers

Die Nasionale Begroting vir 2018 sit die besonderhede uiteen van die hoë vlak van bestedingsdruk wat deur die Suid-Afrikaanse Tesourie ervaar word. Ten spyte van die feit dat bestedingsvooruitskattings met 'n kumulatiewe R85 miljard oor die volgende drie fiskale jare besnoei is (insluitend 'n afname van amper R40 miljard in kapitaaloordragte), bly die verhouding van gekonsolideerde regeringsbesteding tot BBP onveranderd teen meer as 33 % van BBP. Intussen is dit steeds onduidelik tot watter mate (of wanneer) die inwerkingstelling van die Nasionale Gesondheidsversekering regeringsbesteding sal beïnvloed.

Gegewe Suid-Afrika se werkloosheidskoers van 27% en 'n oormatig hoë vlak van inkomsteongelykheid, is dit onwaarskynlik dat die druk op die regering om meer te bestee, sal afneem. Dus verskuif die fokus weer na die Tesourie se vermoë om meer inkomste te vind. Hoewel die opkomende ekonomiese herstel sal help, word verwag dat die verhouding van belasting tot BBP van 25.9% in 2017/18 na 27.2% in 2020/21 sal verhoog.

Vir die fiskale jaar 2018/19 het die Nasionale Tesourie inkomste-opwekkingsmaatreëls ter waarde van R36 miljard aangekondig – nie minder nie as 0.7% van BBP. Van ewe groot belang is egter die verhoogde klem op die belas van verbruik, eerder as spaargeld en inkomste (hoewel die Tesourie nie ten volle vir fiskale sleur gekompenseer het nie, wat in effek 'n verhoging in die persoonlike inkomstebelastingkoers impliseer). Die verhoging van 1% op die BTW-koers (die eerste verhoging sedert 1983) moes vir die amptenare van die Tesourie 'n moeilike besluit gewees het. Hierdie belasting word oor die algemeen as regressief beskou, aangesien diegene in die lae-inkomstegroep 'n groter deel van hulle inkomste aan verbruik bestee, as diegene in die hoë-inkomstegroep. Die regressiewe aard van die belasting word egter versag, gegewe uitsluitings en die zero-koers op sekere produkte.

Weliswaar kan daar verwag word dat die verhoging in BTW, ten minste tydelik, inflasie sal verhoog, en dus reële huishoudelike inkomste sal strem. Nietemin impliseer die belas van verbruik eerder as spaargeld en inkomste (die beloning van arbeid), oor die lang termyn beskou, dat die belastingstruktuur beter in lyn met Suid-Afrika se groei-doelwit is.

Die Tesourie se Begrotingsoorsig vir 2018 bied ook besonderhede oor maontlike veranderinge aan die belastingstelsel wat oorweeg word. Ten opsigte van die korporatiewe inkomstebelastingkoers, wys die Tesourie daarop dat Suid-Afrika, teen 28%, besig is om 'n uitskieter te word, in vergelyking met die res van die wêreld. Dit noem spesifiek dat korporatiewe inkomstebelastingkoerse in, byvoorbeeld, die Verenigde State en die Verenigde Koninkryk, verlaag het, terwyl China se korporatiewe inkomstebelastingkoers 25% is. En hoewel lande in die res van Afrika soortgelyke, of selfs hoër koerse as Suid-Afrika het, word hulle effektiewe belastingkoerse deur aansporings verlaag.

Die Tesourie dui aan dat die hoofpunt die geïmpliseerde verlies aan mededingendheid van Suid-Afrikaanse maatskappye is. By implikasie lyk dit dus asof 'n verhoging in die Suid-Afrikaanse korporatiewe inkomstebelasting nie oorweeg word nie, hoewel niks seker is nie. Dit bepaal inderdaad dat bykomende belastingaansporings vir kwalifiserende maatskappye in ses spesiale ekonomiese sones goedgekeur sal word (egter nie bedoel as 'n geleentheid vir binnelandse maatskappye om te verskuif en hulle belastingaanspreeklikheid te verlaag nie!).

Intussen strook die Tesourie se standpunt oor korporatiewe inkomstebelasting met die siening dat korporasies, indien hulle belastingverhogings in die gesig staar, die las mag verskuif deur pryse te verhoog, of werkers in te kort, eerder as om dividendbetalings aan aandeelhouers te verlaag.

Die teenkant van bogenoemde is dat die Nasionale Tesourie ook bestaande belastingbestedings hersien – dit wil sê, belastinginkomste wat verbeur word deur die aanbod van belastingaansporings, subsidies en toelaes. Die 2018 Begrotingsoorsig noem, byvoorbeeld, dat, hoewel die indiensnemingsbelastingaansporing op die oog af positiewe resultate lewer, die gunstige impak daarvan in die rigting van kleiner, eerder as groter, maatskappye skeefgetrek is. Die Tesourie beoog om hierdie aansporing te hersien, voor dit op 28 Februarie 2019 verval.

Nog 'n aspek van die belastingstruktuur wat hersien word, is die belastingbehandeling van buitensporige skuld, met die argument dat “die belastingaftrekbaarheid van rentebetalinge op skuld as 'n aansporing [dien] om van skuld eerder as ekwiteitsbefondsing gebruik te maak, en gebruik [kan] word om wins uit lande met hoë belasting te stroop”.

Elders hersien die Departement van Handel en Nywerheid die Motorproduksie-ontwikkelingsprogram. Die belastingbesteding op hierdie item (die invoerkortingskredietsertifikaat ingesluit) het in 2016/17 R26.936 miljard beloop.

Die Departement van Handel en Nywerheid en die Nasionale Tesourie hersien ook die belastingaansporing vir industriële beleidsprojekte, onder andere.

In die geheel gesien, hoewel die Tesourie se standpunt oor die korporatiewe inkomstebelastingkoers welkom is, is dit duidelik dat dit onder druk bly om bykomende hulpbronne te vind, wat daartoe kan lei dat subsidies en aansporings besnoei word. Op die oog af bring dit 'n element van onsekerheid ter sprake.

As sodanig is dit dus die moeite werd om 'n sterker onderneming ten opsigte van beheerstheid rakende korporatiewe inkomstebelasting as wat in die Begrotingsoorsig geïmpliseer word, te oorweeg. Belasting is, op stuk van sake, 'n belangrike komponent in die bepaling van die verbruikerskoste van kapitaal, en dus die aansporing om te belê.

Geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekoonoom, Sanlam Beleggingsbestuur